

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE FEESTYE VAN YHVH

Les 4: DIE EERSTE FEESSEISOEN: DIE FEES VAN DIE EERSTELINGSGERF

INHOUD VAN LES 4:

- ❖ Inleiding en Agtergrond
- ❖ Instelling en betekenis van die Fees
- ❖ Die Tel van die Omer
- ❖ Profetiese Vervulling van die Fees Van Eerstelinge
- ❖ Opsommend
- ❖ Bespreek of Bepeins

INLEIDING EN AGTERGROND

1. Die feestye van YHVH het saamgeval met die oestye van die landbouseisoene van Israel. Daar was drie jaarlkse oeste, naamlik eerstens die garsoes, gevolg deur die koringoes en laastens die vrugte-oes. Die eerste feesseisoen, en dus ook die Fees van die Eerstelingsgerf, het saamgeval met die garsoes. Die Fees van die Eerstelingsgerf (Waai van die Eerste Gerf) staan ook bekend as die Fees van Eerstelinge (*First Fruits*) en in Hebreeus word dit *Yom Habbikurim* genoem.
2. Daar is reeds verwys na die feit dat YHVH se totale reddingsplan van die mens, asook die herstel van die skepping deur die feestye (bestemde afsprake, *moe'dim*) openbaar gemaak word. Elke opeenvolgende feestyd openbaar 'n stap in hierdie plan van YHVH.
3. Elkeen van hierdie bestemde afsprake (feeste) is 'n profetiese afbeelding van Yeshua Messias se rol in hierdie reddingsplan van die Almagtige. Die eerste vier feeste (Pesag, Fees van Ongesuurde Brood, Fees van die Eerstelingsgerf en Pinkster) is reeds in Messias vervul en ons leef in die dispensasie daarvan. Die laaste drie feeste (Fees van Trompette, Fees van Versoening en Fees van Tabernakels) sal ook in Yeshua vervul word. Profetiese gebeure, sowel as

wêreldgebeure, getuig dat hierdie in die afsienbare toekoms 'n werklikheid kan word.

4. Pesag is die herdenking van die Lam van Elohiem wat vir ons geslag was as vergifnis van ons sonde en as versoening met YHVH ons Abba. Die Fees van Ongesuurde Brood wat op Pesag volg, is die herdenking van die lewe van oorwinning oor sonde; 'n lewe van heiligmaking (verwydering van sonde) en volmaaktheid.
5. Die Fees van die Eerstelingsgerf is die afbeelding van die lewe as 'n nuwe mens in Messias; 'n lewe van toewyding waar elkeen sy beste aan die Vader offer. Dit is 'n herdenking van die ou dinge wat verby is en van alles wat nuut geword het (2 Kor. 5:17). Dit is ook 'n herinnering van die belofte, dat elkeen ook soos Yeshua 'n verheerlikte liggaam sal kry met die wederkoms van ons Messias.
6. Deur wedergeboorte word elke nie-Jood (vreemdeling) deel van Israel (volgens Romeine 11) en daarom is die Bestemde Tye van YHVH vir die hele Israel bedoel.

INSTELLING EN BETEKENIS VAN DIE FEES

1. Israel moes die fees die eerste keer hou nadat hulle in die beloofdeland Kanaän aangekom het en daarna vir ewig:

En Yahweh het met Mosheh gepraat en gesê: Spreek met die kinders van Yiesraël en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle 'n omer van die eersteling van julle oes na die priester bring. En hy moet die omer voor die aangesig van Yahweh beweeg, sodat julle aanvaarbaar kan wees; die dag na die Shabbat moet die priester dit beweeg. Julle moet ook op die dag as julle die omer beweeg, 'n jaaroud lam sonder gebrek as brandoffer aan Yahweh berei, en die voedseloffer wat daarby behoort, twee tiendes van 'n efah fynmeel met olie gemeng as vuuroffer aan Yahweh, 'n lieflike geur, en daarby die drankoffer van wyn, 'n kwart hien. En julle mag geen brood of gebraaide koring of vars graan eet tot daardie selfde dag toe nie, totdat julle die offer van julle Elohiem bring. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke. Lev. 23:9 tot 14
(Woord en Getuienis)

Israel se eindbestemming was nie die woestyn nie, maar wel die beloofde land Kanaän. Hulle moes egter vir 40 jaar in die woestyn (wildernis) deurbring omdat YHVH 'n doel daarmee gehad het soos ons in Deut. 8:2 tot 4 lees:

En jy moet dink aan die hele pad waarlangs Yahweh jou Elohiem jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het tot jou verootmoediging en beproewing, om te weet wat in jou hart is, of jy sy gebooi sal hou of nie. En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van Yahweh uitgaan. (Woord en Getuienis)

2. Dieselfe geld vir ons vandag. YHVH bevry ons van die slawejuk van sonde deur die bloed van die Lam van Elohiem, maar dikwels moet ons ook eers 'n *woestynervaring* van verootmoediging en beproewing ondergaan alvorens ons die beloofde land van YHVH se seëninge in besit kan neem. Dit is in die woestyn waar ons onself as 'n eertelingsoffer bring – 'n lewende, heilige (afgesonderde, *set-apart*) en aan YHVH 'n welgevallige offer (Rom. 12:1 en 2). Wanneer ons Vader YHVH met toewyding en in gehoorsaamheid volgens Torah dien, sal ons geseën word. Ons sal begin om die "beloofde land" van YHVH se seëninge in besit te neem en daarom moet ons uit dankbaarheid altyd 'n eerstelingsoffer van ons "oes" (van ons vermeerdering) vir YHVH ons Elohiem en Vader gee.
3. Volgens Lev. 23:11 moet die fees gehou word op die dag na die Shabbat in die week waarin Paasfees gevier word:

*As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle 'n omer van die eersteling van julle oes na die priester bring. En hy moet die omer voor die aangesig van Yahweh beweeg, sodat julle aanvaarbaar kan wees; **die dag na die Shabbat moet die priester dit beweeg.** (Woord en Getuienis)*

Die vraag is egter na watter Shabbat moet die beweegoffer van die Fees van Eerstelinge gebring word? Verwys Lev. 23:11 na die weeklikse Shabbat of verwys dit na die heilige vierdag (*miqra'ot*) van die eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brood wat ook as 'n Shabbat gedenk word? Hieroor is daar meningsverskil, naamlik:

- 3.1. Volgens Rabbiniëse siening (Judaïsme; Fariseërs) word die Fees van Eerstelinge gedenk op die dag na die eerste Shabbat van die Fees van Ongesuurde Brood wat van 15 Nisan tot 21 Nisan duur (Lev. 23:6). M.a.w. die Fees van die Eerstelingsgerf word altyd op die 16 Nisan gehou. Die datum van hierdie bestemde tyd bly dus dieselfde, maar die dag van die week sal jaarliks verskil. Die 16 Nisan is dan ook volgens hierdie siening dag een van die tel van die omer. Israel en talle Messiane volg hierdie siening.
- 3.2. Volgens die Karaïete (Sadduseërs) siening word die Fees van Eerstelinge gehou op die dag na die weeklikse Shabbat van die week waartydens Pesag gedenk word. Die Fees van die Eerstelinge is dus altyd op die eerste dag van die week ('n Sondag). Die dag bly dus dieselfde, maar die datum sal van jaar tot jaar verskil. Die eerste dag van die omer is dus altyd op die eerste dag van die week (Sondag). 'n Groeiende groep Messiane deel hierdie siening.
- 3.3. Wie is reg? In die lig daarvan dat Yeshua voor die einde van die weeklikse Shabbat uit die dood opgestaan het, en dus die vervulling van die Fees van die Eerstelinge op die eerste dag van die week was, behoort vir almal bevestiging te wees dat die Karaïete siening reg is.
4. Tydens hierdie fees moes Israel uit dankbaarheid vir die garsoes 'n gerf van die eerste van die oes as beweegoffer voor die aangesig van YHVH bring, maar ook om die Almagtige se seën op die res van die landboujaar te vra

(Lev. 23:11 en 12). Hierdie is ook 'n sinnebeeld van ons eie offerandes wat ons uit dankbaarheid as "beweegoffer" na die Vader bring, maar ook as gebede, en in vertroue, dat Hy dit wat oorbly sal seën en vermenigvuldig. Verwys 2 Kor. 9:7 en 8; Luk. 6:38.

5. Israel mag ook geen brood, of gebraaide koring, of vars graan afkomstig van die nuwe oes eet totdat hulle die eerstelingsoffer aan YHVH gebring het nie (Lev. 23:14). Met ander woorde gee eerstens aan die Allerhoogste wat Hom toekom.

Vereer Yahweh uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos. Spr. 3:9 en 10 (Woord en Getuienis)

Ons moet altyd die beste vir die Vader gee, want Hy het die beste vir ons gegee. Onthou: Toe YHVH die hemel en die aarde geskape het, het dit Hom niks gekos nie, maar toe Hy Yeshua gestuur het om vir ons sonde aan die folterpaal te sterf, het dit die Vader alles gekos, want hy het Sy Eersgeborene gegee. Die mens is YHVH se eerste prioriteit en daarom verwag Hy dieselfde in ruil van elke mens.

6. Op hierdie dag moes Israel ook 'n jaaroud lam sonder gebrek aan YHVH as brandoffer berei en daarmee saam die gepaste spysoffer en drankoffer (Lev. 23:12 en 13). Hierdie was dus nie 'n offer vir sonde vergifnis nie, maar 'n lof- en dankoffer met die doel om nader aan YHVH te beweeg. Hulle moes ook sout by die spysoffer voeg (Lev. 2:12 tot 16). Sout is simbolies van reinheid, eerlikheid en opregtheid en dra ook by tot die geurigheid van voedsel, terwyl dit ook preservingseienskappe het. Ons verhouding met die Vader deur ons aanbidding, ons gehoorsaamheid aan Torah en ons offerhandes is om nader aan die Vader te beweeg. Ons moet ook die sout van die aarde wees, asook 'n aangename geur van Messias Yeshua (Mark. 9:49 en 50; 2 Kor. 2:15; Fil. 4:18 en Kol. 4:6).
7. Deur aan die Vader 'n gedeelte terug te gee van alles wat jy het is om:
 - 7.1. Te erken dat alle goeie dinge van die Vader kom en aan Hom behoort (Jak. 1:17). Hy skenk lewe en oorvloed (Joh. 10:10b). Abba YHVH is die bron van alles wat ons besit en daarom gee ons 'n gedeelte aan Hom terug.
 - 7.2. Die Vader te vertrou dat Hy in al die res van ons behoeftes sal voorsien. Soos Hy in die *eerstelinge* voorsien het, so sal Hy ook in die res van ons behoeftes voorsien (Fil. 4:19).
8. Om 'n gedeelte van die vrug op jou arbeid aan YHVH te gee, is deel van jou verhouding met die Vader. Om te gee moet nie net 'n godsdienstige ritueel wees nie, maar moet gepaardgaan met ware liefde vir YHVH en medemens. YHVH het 'n blymoedige gewer lief (2 Kor. 9:7; Luk. 6:38). Om die Fees van Eerstelinge te hou het ook die belofte van seën wat sal volg (Deut. 26 – veral verse 1, 2, 18 en 19).

DIE TEL VAN DIE OMER

1. Vanaf die dag wat Israel die beweegoffer van die Eerstelingsgerf gebring het, moes hulle 50 dae tel en dan sou die volgende bestemde tyd (feestyd) en afspraak met YHVH plaasvind, naamlik *Shavuot*, ook bekend as die Feestyd van Weke en as Pinkster (Lev. 23:15). Die tel van hierdie dae staan bekend as die tel van die omer.
2. *Eerstelingsgerf* in Hebreeus is *omer* en beteken 'n droë maat van ongeveer 'n tiende efa (ongeveer 2 liters) of 'n gerf. Die gerf tydens die Fees van Eerstelinge was gars, aangesien dit die eerste van die graanoes was. Die koring is as offer gedurende Pinksterfees gebring. Die drankoffer van 'n kwart-hin wyn was ongeveer 1,5 liter (1 hin is ongeveer 6 liter).
3. Soos reeds genoem is daar meningsverskil oor wanneer die Fees van die Eerstelinge gedenk moet word. Aangesien die tel van die omer op die dag van die Fees van Eerstelinge begin, beteken dit daar 'n verskil bestaan oor die datum wat *Shavuot* gedenk word. [Verwys punt 3 van "Die Instelling van die Fees van Eerstelinge"]. Volgens Rabbiniese siening (Judaïsme) sal *Shavuot* altyd op die 6 dag van die maand Sivan wees. Die datum bly dus dieselfde, maar die dag verskil van jaar tot jaar. Volgens die Karaïete siening sal *Shavuot* altyd op die eerste dag van die week ('n Sondag) wees, maar die datum sal afhang van die datum wat die Fees van Eerstelinge gedenk word.
4. Soos reeds genoem ten opsigte van die datum van die Fees van die Eerstelingsgerf is die Karaïete siening waarskynlik reg. Verwys punt 3.
5. Die doel van hierdie studie is nie om hierdie verskille volledig te bespreek nie. Hierdie is 'n geval waar elkeen wat erns maak met die Feestyte van YHVH self oor moet besluit en ook ruimte maak vir diegene wat verskil ten opsigte van die verklaring van Lev. 23:11.

PROFETIESE VERVULLING VAN DIE FEES VAN EERSTELINGE

1. Die opstanding van Yeshua Messias is die nuwe testamentiese vervulling van die Fees van die Eerstelingsgerf.

Maar nou, die Messias is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterf, so sal hulle ook almal in die Messias lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling die Messias, daarna die wat aan die Messias behoort by sy koms. 1 Kor. 15:20 tot 23 (Woord en Getuienis).

Yeshua is die *Eerstelingsgerf* wat aan YHVH geoffer was en het na sy opstanding, op die dag van die Fees van die Eerstelingsgerf, Homself voor YHVH gebring as die Eersteling wat uit die dood opgestaan het (Joh. 20:17). Op daardie dag het Yeshua as die Eerstelingsgerf van YHVH se Koninkryk met Sy eie bloed die allerheiligste ingegaan en 'n ewige verlossing vir ons teweeggebring (Heb. 9:12; Heb. 10:12).

2. Die eerstelingsgerf was die belofte van die goeie oes wat geoes sal word. Telkens wanneer Israel die eerstelingsgerf voor YHVH beweeg het, was dit 'n profetiese heenwysing na die siele-oes wat in Messias geoes sal word. Yeshua is die Eersgeborene van daardie oes (Rom. 8:29).
3. Die feit dat Yeshua die *Eerstelingsgerf* van die oes was, beteken daar is 'n oes op die land wat op YHVH se bestemde tyd geoes sal word. Elke gelowige in Messias is deel van daardie oes. Ons sal almal geoes word en 'n verheerlikte liggaam verkry.
4. Yeshua is die Eersgeborene uit die dode (Eersteling), m.a.w. die eerste om uit die dode op te staan as onsterflike mens (Kol. 1:18). Die gelowiges in Yeshua sal volg. Omrede Yeshua die eerste was, het ons die versekering dat ons ook eendag uit die dode sal opstaan.
5. Israel was vir YHVH die eerste van Sy opbrengs (Jer. 2:3). In Yeshua is ons deel van Israel en is ons ook die eersteling van sy skepsele (Jak. 1:18). In Rom. 8:23 sê Paulus dat ons ook die eersteling van die Gees het en derhalwe 'n afwagting van die verlossing van ons liggame, naamlik die verkryging van 'n verheerlikte liggaam by Messias se wederkoms.

OPSOMMEND:

1. Yeshua is op Pesag gekruisig. Hy was in die graf tydens die eerste drie dae van die Fees van Ongesuurde Brood en het volgens profesie op die derde dag uit die dood opgestaan. Hy het as Eerstelingsgerf op die Fees van Eersteling voor YHVH verkyn waar Hy met sy eie bloed 'n ewige vergifnis vir ons teweeggebring het. Yeshua het dus die teken van Jona vervul:

Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees. Matt. 12:40

2. Die eerste drie feeste van die eerste feesseisoen van die Bestemde Tye (feestyte) van YHVH is dus in Yeshua vervul. As gelowiges in YHVH Yeshua gedenk ons nie net jaarliks nie, maar daagliks hierdie profetiese vervulling, naamlik:
 - 2.1. Pesag – Yeshua is ons Pesaglam. Ons is met YHVH ons Vader versoen deur die vergifnis van sonde deur die kosbare bloed van die eenmalige offer van die Pesaglam, Yeshua Messias. Verwys 2 Kor. 5:21.
 - 2.2. Fees van Ongesuurde Brood – 'n Lewe van oorwinning oor sonde deur daagliks van die ongesuurde brood van die Woord (die Torah) van YHVH te eet. 'n Torah-gehoorsame lewe as 'n afgesonderde (heilige) priesterdom (1 Pet. 2:9).
 - 2.3. Fees van die Eerstelingsgerf – 'n Lewe van toewyding en gehoorsaamheid aan YHVH in die verwagting van 'n verheerlikte liggaam by Messias se wederkoms. As eersteling van YHVH se oes

is ons afgesonder (geheilig) om die lig van Yeshua in die wêreld te laat skyn (Rom. 11:16; Hand. 26:23)

3. Tydens Pesag gedenk ons ons bevryding van die salwejuk van sonde. Die Fees van Ongesuurde Brood is 'n sinnebeeld van die aflegging van die ou (sondige) mens. Die Fees van die Eerstelinge is 'n sinnebeeld van die nuwe mens wat hom beklee met die vlekkelose kled van YHVH se geregtigheid in Yeshua.
4. Die eerste feesseisoen bestaande uit drie opeenvolgende feeste wat gesamentlik bekend is as Pesag, of die Fees van Ongesuurde Brood, is 'n volledige prentjie van YHVH se vergifnis en verlossing van sonde, asook van 'n afbeelding van 'n lewe as geregverdigde in Yeshua ons Messias. Gedurende hierdie feesseisoen gedenk ons die oorwinning wat Vader YHVH deur die genade van Yeshua vir ons moontlik gemaak het. Laat ons hierdie feesseisoen altyd met 'n dankbare en vrolike hart gedenk – nie net jaarliks nie, maar ook daagliks, of wanneer ons bymekaar kom!

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE:

1. Hoekom is die tel van die omer so belangrik dat YHVH dit as 'n opdrag aan Sy kinders gegee het? Is hierdie 50 dae (7 weke plus een dag) nie ook 'n "voorbereidingsfase" vir die volgende afspraak op YHVH se kalender nie? Het Israel nie dalk met 'n groot verwagting hierdie dae getel nie?
2. Simboliek en gebruike (tradisie) maak 'n groot deel uit van die wyse wat YHVH se bestemde tye gedenk word. So byvoorbeeld weet ons dat suurdeeg simbolies van sonde is en daarom is dit tradisie om die hele gesin te betrek by die fisiese verwydering uit die huis van alle suurdeeg (rysmiddels), en van enige gebak waar suurdeeg (rysmiddel) deel van die bestandele is, voor die aanbreek van Pesag. Hierdie opspoor en verwydering van suurdeeg kan binne enkele minute voltooi word. Die vraag is egter: Hoe lank neem dit om alle suurdeeg uit jou lewe en hart te verwyder? 'n Leeftyd miskien?
3. Geen van YHVH se Bestemde Tye, of die hou daarvan, kan ons red nie!! Dit kan nie gedenk word tot ons redding nie, maar ons doen dit uit gehoorsaamheid weens ons liefde vir Vader, ons Vader.

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.